MAANDBRIEF - MARIONEILAND - JANUARIE 1977.

HIERDIE MAAND WAS 'N MAAND VAN GROOT DINGE. DIE JAAR IS OOK HOOG BEGIN DEUR 'N BAIE GESLAAGDE KABARET VERTONING, WAARAAN IEDEREEN BY GEDRA HET OM 'N SUKSES DAARVAN TE MAAK.

HAN EN DUDLEY HET SULKE MOOI ,,HUISTOE GAAN'' LIEDTJIES GESING DAT PARTY OUENS HEIMWEE GEKRY HET. JOHN RILEY EN KIE (DIS NOU SY ORKES) BESTAANDE UIT:- TIM WAT DIE DRIEHOEK SPEEL, GRANT WAT DROMME (SOOS OUDERGEWOONTE) SPEEL EN OU DOODLES (DUDLEY) WAT DIE SANG STUKKE BEHARTIG HET. HET SULKE MOOI SANG EN KLANKE GELEWER DAT DIE OUENS HULLE GEVRA HET OM SO PAAR WEER TE HERHAAL.

JOHANN EN DEN SE VEERGAWE VAN ''AMARELLA'' WAS DIE HOOGTEPUNT VAN DIE VERTONING EN DIE TWEE HET BEWYS DAT HULLE NIE SOMMER ,,HIERJY'' SE KUNSTENAARS IS NIE.

DOUG EN KEVIN HET DIE OUENS WEER VERMAAK MET 'N PAAR ,,DINGES GRAPPE'' TERWYL ROY, YS EN JOHN STONE 'N TRIO SANGSTUK GELEWER HET. HIPPIE (CHRIS) EN HENNIE HET WEER DIE GEBRUIKLIKE ''JOHNNY NOBLE'' VERTONING GELEWER. GELUKKIG VIR HULLE WAS DAAR NIE MEER EIERS NIE. TEN LAASTE PAAR NIE DIE LINSTE NIE ALAN HET WEER SY ROL TUIK GESPEEL DEUR WEER OP TE TREE AS SEREMONIE MEESTER. HIERDIE KEER KOM HY DAREN STAAN.

HAN SE VUURWERKE WAS TOE OOK 'N SUKSES EN HIPPIE SE DROOM OM HET N ''FLARE'' PISTOOL TE SKIET HET TOE BEWAARHEID GEWORD.

OMDAT ONS SULKE MOOI SONSKYN DAE GEHAD HET, HET GRANT, HENNIE, DEN, JOHN STONE, ROY, HAN EN HIPPIE EENDAG BESLUIT OM DIE KOUE SEE AAN TE DURF. MET 'N SEE TEMP. VAN 6,5 GRADE HET HULLE SOOS REGTE WIT JAGTERS (VAN DIE SUIDE) INGESPRING. GRANT EN HAN ONDERSKEIDELIK HOU DIE REKORD VAN 5 NA SEWE MINUTE. DIE ANDER OMENS HET MAAR TUSSEN DRIE EN 3 MINUTE IN DIE WATER GEDLY.

GOEIE DOKTER WAT JOHANN IS HET GESORG DAT NIEMAND KRAMPE KRY NIE. YS EN JOHN RILEY WAS DIE SELFDE DAG BERGE TOE. GROOT LIEFDE WAT DIE TWEE VIR DIE BERGE HET.

OOK HET HAN, DOUG, KEVIN, TIM EN ROY VIR 6 DAE 'N OM DIE EILAND TOER AANGEDURF.

TONY SE RADIO WERK OOK WEER EN ALMAL IS VERLIG DAAROOR EN DAT HY OOK GOEIE GESONDHEID GENIET.

JOHN RILEY, ALAN EN HIPPIE HET BESLUIT OM BIETJIE BY KILDALKEY VIR 'N DAG OF SO TE GAAN ONTSPAN TERWYL DUDLEY EN JOHN STONE DIE TWEE SE WERKE BEHARTIG HET (DAIE GAAF VAN HULLE NE)

BY SOFT PLUME RIVIER HET JOHN EN HIPPIE EERS SO BIETJIE GESWEM EN VOLGENS HULLE WAS DIE WATER HEERLIK (KOUD?)

ALAN EN HAN HET ONDERSKEIDELIK LESINGS GEHOU. HAN OOR MICROBIOLOGIE EN ALAN OOR DIE MERWAARDIGE PADDY. JOHANN HET ALMAL VERRAS DEUR SY MEESTERSTUK (BAARD) AF TE SKEER EN DIE OU LYK NOU OMTRENT SNAAKS.

OOK MOET EK BYVOEG DAT HENNIE EN GRANT NOU AL 65 KATTE GEVANG HET EN DAT ALMAL BLY IS OM DIE GESELSKAP VAN DIE KATTE OP TE SOEK.

NOU-JA DIT WAS 'N BAIE OPWINDENDE MAAND EN NOG NET MET 70 DAE VOOR DIE R.S.A. SY ANKER HIER GOOI EN MET ROY SE BULDERENDE GEBRUL (LAG?) OP DIE AGTERGROND GROET ONS, DIE EILAND BEWONERS VAN DIE SUIDE ALMAL TUIS MET DIE WOORDE ''MIN DAE''